



VOORBEELDVRAESTEL

Instruksies aan leerders:

1. Lees al die instruksies volledig.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies soos voorsien.

Lees die volgende storie en beantwoord vraag 1 – 4.

Wintermaande dra al die leerders langmouhemde by Mabel se skool. Net nie Mabel nie. Sy dra 'n skoolbloesie wat haar ma vir haar gemaak het. Haar ma het gesê dat sy Rob se hemp sal kry nadat dit vir hom te klein geword het.

Sy is die beste leerder in haar klas met lees en somme maak. Soms wys haar onderwyseres haar haar werk vir die res van die klas. "Sjoe!" roep die leerders dan uit.

Gedurende speeltyd, speel Mabel en haar maats, Nicola en Estie, wegkruipertjie wat hul gunsteling speletjie is. Terug in die klaskamer sien Nicola dat Mabel se gesig rooi is en sy ongelukkig lyk. Sy fluister toe in haar oor, "Ek weet hoekom jy nooit jou trui uittrek nie. Moenie jou so bekommer nie, want ek gaan een van my ekstra langmouhemde vir jou gee." Mabel is bly omdat sy nie vir Rob se hemp hoeft te wag nie.

LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

1. Merk die blokkie wat die regte antwoord aandui.

Met wie speel Mabel altyd?

Rob en Estie

Nicola en Rob

Nicola en Estie

Janie en Rob

LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

2. Skryf 'n woord uit die storie neer met die teenoorgestelde betekenis van:

2.1 groot _____ (paragraaf 1)

2.2 swakste _____ (paragraaf 2)

LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

3. Die volgende sin vertel ons meer van Mabel en haar bloes.

Nommer die sinne (van 1 tot 4) in volgorde van gebeurde.

Nicola gee Mabel 'n langmouhemp.	<input type="checkbox"/>
Mabel is ongelukkig omdat sy 'n tuisgemaakte bloes moet dra.	<input type="checkbox"/>
Rob kan nou vir Mabel sy hemp gee nie.	<input type="checkbox"/>
Mabel se ma maak vir haar 'n skoolbloes.	<input type="checkbox"/>

LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

4. Antwoord die volgende vrae.

4.1 Omkring die letter wat die regte antwoord aandui.

Kies 'n woord wat Nicola die beste sal beskryf.

A. stout

B. gee om

C. slim

D. ongelukkig

4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord.

LEERUITKOMS 4: SKRYF

- 5 Skryf vyf (5) sinne oor wat jy daaglik by die huis doen. Gebruik hoofletters en punte in jou sinne.**

LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

- 6 Lees die volgende tabel en beantwoord vrae 6.1 en 6.2.**

Reistabel		
Name	Dae van die week	Plekke
Ben	Donderdag	Witbank
Sakkie	Maandag	Ermelo
Lisa	Woensdag	Middelburg
Megan	Vrydag	Nelspruit
Liezel	Saterdag	Bronkhorstpruit

- 6.1** Wie vertrek Vrydag na Nelspruit toe?

- 6.2** Wanneer gaan Lisa na Middelburg toe?

**Einde van voorbeeldvraestel.
Dankie.**